Liewe Vriende,

TEGNOLOGIESE DEURBRAKE:

Die afgelope tyd was die tyd van persoonlike deurbrake vir ons: Saterdagaand kry ons dit skielik tegnologies reg om te "Skype" met ons seun in Ierland en "wola!" daar verkyn die man op ons skerm – gesig en stem en hy sien vir ons en ons wys hom hoe oud het ons hondjie geword… merkwaardig! Soos ek nou hier skryf luister ek na RSG via die internet en luister ek na broer Max wat galbraak oor al die materialisme, korrupsie en swak bestuur van ons regeerders in die RSA. Wel, vanmiddag vir die eerste keer al die nodige goed afgelaai en "wola!" daar praat die mense! Pas geluister na die program van Johan Symington oor God se hand en Haiti – uiteindelik sê die manne hulle weet nie regtig oor God se rol in alles nie maar Adrio König sê ons kan dit weet dat God nie ongeërg is oor al die rampe nie – Hy is daar en na alles is hy 'n "compassionate" God – Halleluja! Hy kan deurbrake bewerkstellig te midde van katestrofiese gebeure.

Deurbrake – bid saam met ons vir geestelike deurbrake in 2010 in die Gereformeerde Kerk in Mosambiek (IRM) en in sy opleidingssentrum HEFSIBA

"PRAYERHOUSE DEURBRAAK"

Vrydag is ek hier saam met 'n paar vrouens op pad na Chimwale om die Vrouediens in dié "Prayerhouse" gevestig te kry. Vir die eerste keer moes ek my Nissam X Trail se 4x4 gebruik en het die met vlieënde vleuels geslaag!

In die laat 90's was Chimwale net vol tradisionele "Njaus" – 'n eksentrieke groep "dansers" met maskers en erg heidens. Ek het toe vanaf Petra kollege vir Kinderbediening buite Witrivier gekom om opleiding te gee in Kinderbediening by HEFSIBA en is voor die uitdaging gestel om te probeer 'n deurbraak daar te maak nadat een sendeling al voorgestel het dat ons die stof van ons skoene daar moet afskud. Met die hulp van die Here en die HEFSIBA studente het daar toe 'n deurbraak gekom – kinders het tot bekering gekom en later hul ouers. Vandag bestaan die kerkraad almal uit oud "Njaus" en is daar honderde gelowiges in "Prayerhouses" rondom Chimwale – soveel so dat ds Samuel Bessitale my gevra het om te help met die opbou en uitbou van die plek sodat dit 'n onafhanlike gemeente kan word met 'n eie leraar nog teen die einde van hierdie jaar as die Here wil!

Bid asb vir Chimwale – vir meer deurbrake en 'n sterk verantwoordelike en dinamiese leierskap. Die vrouens staan redelik sterk, die probleem lê by die mans!

En o ja, nog 'n deurbraak – ek het die eerste keer in my lewe reismiere geëet en saam met die droë, soutlose pap was dit glad nie te sleg so met jou hande saam nie…

VERWAGTE FINANSIELE DEURBRAKE

Môre, (Maandag) begin ons vergaderings in al hulle glorie. Ons skop af met 'n vergadering van ons Finansiële Komitee wat dan opgevolg word met 'n vergadering van die Akademiese Komitee. Tarisai, ons tesourier van Zimbabwe het gearriveer (sonder vrou en kind) en moet ons die realiteit van ons fiansies so vroeg in die jaar in die oë kyk. Die beursgeld vir ons Teolgoiese studente kom mooi in – dankie! Fondse vir die ondersteuning van ons dosente het nog geen deurbrake belewe nie… Ons wil hierdie week 'n nuwe fotostaatmasjien in Lilongue, Malawi gaan koop. Dit kos ons R17 500 en Warmbad-Wes NG kerk se inkomstes van potjiekosaande, oor 'n R6 000, gaan o.a daarvoor gebruik word – nog bydraes is welkom!

WATERDEURBRAAK?

Ons wil van môre af probeer om die water uit die boorgat van HEFSIBA te pomp na die boonste tenks om te kyk of ons dosente en ander personeel nie ook water kan kry nie – sal dit nie ‘n deurbraak wees as ons gereeld lopende water het en kan stort nie!

STUDENTEDEURBRAKE

Ons verwag oor die 70 nuwe studente vanjaar – ‘n rekord tot op hede. Onder hulle verwag ons die nuwe burgersmeester, die Hoof en Permanente Sekretaris van die Frelimo Regerende Party en die Hoof van die Veiligheidspolisie! Kan jy dink hoe ons gemeenskap kan verander as hierdie manne verander? Bid asb daarvoor en al die voorbereiding wat nou ingaan om alles in orde te kry vir die begin van die Akademiese jaar. Antoinette is veralby die administrasie bemoeid.

Die Eerstejaar oriëntasie begin op 8 Februarie en die amptelike opening begin die 15de.

PERSONEELSAKE

Dirk en Marie Smit begin more draai vanaf Roodepoort terug na Angonia (ons distrik) – bid asb vir hulle reis en vir die grensposte (hulle bring o.a,. stapels studiemateriaal vir ons.) Pascoal, een van die Rekenaar dosente, is saam met hulle in die bakkie - hy begin ook by ons te studeer hierdie jaar. Andrade, ons kerk se Gemeenskapsontwikkelingswerker begin ook DV by ons ‘swot’ as hy die nodige gelde bymekaar kan maak. Ons buurman se tuinier, Xadreque begin ook vanjaar sy Diploma in teologie. Ons is saam met hierdie mense opgewonde ook oor hoe God hulle gaan gebruik in hulle verskillende bedieningsvelde.

Mag jy ook allerlei deurbrake belewe in jou finansiële lewe maar meer nog – in jou wandel met Hom.

CRISTO ACIMA DE TUDO! CHRISTUS BO ALLES!

Kruger en Antoinette du Preez

Hefsiba - Institute for Christian Higher Education
Vila Ulongue
Mozambique
Tel. +258 25252021
Cell +258 822712012